basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## TOERISME

## FEBRUARIE/MAART 2016

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 26 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies aandagtig voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Rond jou antwoorde in VRAAG 3.3 tot TWEE desimale plekke af.
5. Toon ALLE berekeninge waar nodig.
6. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
7. Gebruik die puntetoekenning by elke vraag as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoord.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Die tabel hieronder is 'n riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

| AFDELING | ONDERWERP | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| A | Kortvrae | 40 | 20 |
| B | Kaartwerk en Toerbeplanning; Buitelandsevalutaverhandeling | 50 | 50 |
| C | Toerismebesienswaardighede; Kultuur- en Erfenistoerisme; Bemarking | 50 | 50 |
| D | Toerismesektore; Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme | 30 | 30 |
| E | Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme; Kommunikasie en Kliëntediens | 30 | 30 |
| | **TOTAAL** | **200** | **180** |

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.21 D.

1.1.1 Die 2015 Rugbywêreldbeker wat in Engeland gehou is, is 'n voorbeeld van 'n …

A wêreldberaad.
B niesport-wêreldgebeurtenis.
C wêreld- politieke gebeurtenis.
D wêreld- sportgebeurtenis.

1.1.2 'n Toeris sal by sy/haar aankoms op 'n internasionale lughawe die groen kanaal volg wanneer hy/sy …

A iets het om te verklaar.
B niks het om te verklaar nie.
C voorskrifmedikasie het om te verklaar.
D reisdokumente het wat getoon moet word.

1.1.3 Doeanebeamptes sal ... om te verseker dat passasiers aan doeaneregulasies op 'n internasionale lughawe voldoen wanneer hulle deur die groen kanaal beweeg.

A alle handbagasie lukraak skandeer
B 'n persoonlike sekuriteitskontrole doen op alle passasiers wat uit 'n vliegtuig klim
C passasiers visenteer
D passasiers en hulle ingeweegde bagasie lukraak deursoek

1.1.4 Belastingvrye goedere word nie belas nie omdat …

A belastings by lughawens toegelaat word.
B winkels by nasionale lughawens van belastings vrygestel word.
C die belasting reeds by BTW ingesluit is.
D inkopies in internasionale gebied gedoen word.

1.1.5 'n Suid-Afrikaanse uitgaande internasionale toeris wat China wil besoek, sal by die … vir 'n vakansievisum aansoek doen.

A Departement van Binnelandse Sake
B Nasionale Departement van Toerisme
C Asiatiese Ambassade
D Chinese Ambassade

1.1.6 Die prent hieronder toon 'n wêreldbekende ikoon.



A Die Piramides
B Auschwitz
C Die Switserse Alpe
D Die Algarve

1.1.7 …. sal tot 'n positiewe ervaring vir toeriste by 'n besienswaardigheid bydra.

A Die instel van interaktiewe slimfoonaktiwiteite
B Die verhoging van toegangsfooie
C Om die afstand tussen toeriste en die vertoonde items te vergroot,
D Om interessante feite oor die besienswaardigheid nie aan toeriste mee te deel nie,

1.1.8 Die hoofborg van die Getaway-skou:

A 'n Reisversekeringsmaatskappy
B 'n Reispublikasie
C 'n Reisagent
D 'n Reisaandenkingswinkel

1.1.9 Die hoofrol van Suid-Afrikaanse Toerisme:

A Om nuwe rolspelers in diens te neem
B Om 'n besienswaardigheid te ontwikkel
C Om toerismewette in te stel
D Om Suid-Afrika te bemark

1.1.10 Kriterium 1 van UNESCO se Wêrelderfeniskriteria bepaal dat 'n Wêrelderfenisterrein 'n meesterstuk van menslike kreatiewe begaafdheid moet voorstel. Hierdie terrein voldoen aan Kriterium 1 vir sy uitstaande voorbeelde van San-rotskuns:

A uKahlamba-Drakensbergpark
B Mapungubwe Kulturele Landskap
C Robbeneiland
D Wieg van die Mensdom

Kopiereg voorbehou 

1.1.11 UNESCO het die plan om 'n kabelkar te installeer wat toeriste na Machu Picchu sou vervoer, gekeer. Hierdie besluit ondersteun die … pilaar van volhoubare toerisme.

A sosiale
B omgewings-
C ekonomiese
D korporatiewe sosiale

1.1.12 Omgewingsvriendelike toeriste is toeriste wat …

A in avontuurgedrewe sportaktiwiteite belangstel.
B uit die stad vlug om met 4x4-voertuie op die strand te gaan rondry.
C verantwoordelik reis en die omgewing bewaar.
D so veel as moontlik oor hulle bestemming se gewoontes, geografie en kultuur leer.

1.1.13 'n Werknemer wat tot 'n nuwe posisie binne dieselfde maatskappy bevorder word, kan versoek word om 'n … te teken.

A nuwe dienskontrak en 'n aansoek om jaarlikse verlof
B aansoek vir jaarlikse verlof en 'n gedragskode
C nuwe dienskontrak en 'n gedragskode
D aansoek vir jaarlikse verlof en 'n beëindiging-van-diens-vorm

1.1.14 Inligting oor oortydwerk word in die ... afdeling van die dienskontrak aangetref.

A verlof-en-aftrekkings-
B reisvoordele-
C uniformtoelae-
D werksure-

1.1.15 'n Suid-Afrikaanse uitgaande internasionale toeris sal by die ... vir 'n transitovisum aansoek doen wanneer hy/sy op Heathrow Internasionale Lughawe in Londen 'n ander vlug moet haal.

A Departement van Ekonomiese Sake
B Britse Ambassade
C Departement van Binnelandse Sake
D Amerikaanse Ambassade

1.1.16 'n Suid-Afrikaner wat op die lughawe werk, ontvang 'n €5-fooitjie. Die €5 lewer …

A 'n direkte bydrae tot die BBP van Suid-Afrika.
B 'n groot bydrae tot TOMSA.
C geen bydrae tot die BBP nie.
D 'n 1% bydrae tot TOMSA.

1.1.17 Die uitbreek van die Ebola-virus het 'n ernstige invloed op mense op hierdie kontinent gehad:

A Europa
B Afrika
C Asië
D Australië

1.1.18 'n Vorm van betaling wat gerieflike elektroniese bankdienste in die gerief van jou huis moontlik maak:

A Kontant
B Bankwissel
C OTM
D EFO ('EFT')

1.1.19 Suid-Afrika se … word bepaal deur die aantal internasionale toeriste wat die land besoek en hulle gemiddelde besteding per dag.

A plaaslike markaandeel
B buitelandse markaandeel
C beursmarkaandeel
D beleggersmarkaandeel

1.1.20 Eienaars van toerismebesighede gebruik kliënteterugvoerings-instrumente om die … van hulle maatskappy te evalueer.

A diensvoorwaardes
B huidige beeld
C finansies
D gedrag van die werkgewers (20 x 1) (20)

1.2 Gee EEN woord(e)/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord(e)/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord(e)/term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| BAK; universele toegang; korporatiewe sosiale belegging; Wieg van die Mensdom; byvoordele; BVK; heffing; arbeidswet; Mapungubwe Kulturele Landskap |

1.2.1 Die koers wat deur 'n bank gebruik word wanneer plaaslike valuta na buitelandse valuta omgeskakel word

1.2.2 'n Faktor wat tot die sukses van 'n toeriste-besienswaardigheid bydra

1.2.3 Die bydrae wat deur 'n besigheid gemaak word aan die gemeenskap waarin dit sake doen

1.2.4 'n Voorbeeld van 'n kulturele Wêrelderfenisterrein in Gauteng

1.2.5 Aansporings wat gebruik word om werknemers te lok en te behou (5 x 1) (5)

1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 paspoort.

1.3.1 Die (Blou Moskee/Koepel van die Rots) is in Istanbul geleë.

1.3.2 Uitgawes vir vervoer en akkommodasie word in die (toer se reisprogram/toerbegroting) gespesifiseer.

1.3.3 'n Toeriste-besienswaardigheid kan as suksesvol beskou word wanneer die werklike getal besoekers (kleiner/groter) as die teikengetal is.

1.3.4 Die IDL het 'n onreëlmatige vorm om verwarring ten opsigte van datums en tyd vir (eilande/skepe) te vermy.

1.3.5 Die (gedragskode/dienskontrak) bevorder etiese gedrag in die werkplek. (5 x 1) (5)

1.4 Kies 'n funksie van elke organisasie uit KOLOM B wat by die logo in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.4.6 G.


| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.4.1 TOMSA Tourism Levy South Africa Adding Value to Tourism | A 'n Suid-Afrikaanse diens wat akkurate inligting verskaf om ekonomiese ontwikkeling en groei te bevorder |
| 1.4.2 | B Bevorder volhoubare toerisme-ontwikkeling deur kapasiteitsbou |
| 1.4.3 UNESCO | C Help om Suid-Afrika plaaslik en internasionaal as 'n voorkeurbestemming te bevorder |
| 1.4.4 FAIR TRADE TOURISM | D Die owerheid wat daarvoor verantwoordelik is om leierskap oor wêreldgesondheidsake te verskaf |
| 1.4.5 Statistics South Africa | E Evalueer en assesseer terreine van wêreldbelang en ken wêrelderfenisstatus aan sulke terreine toe |
| | F Die organisasie wat inligting oor wêreldreisneigings verskaf |

(5 x 1) (5)

1.5 Toeriste besoek bekende ikone regoor die wêreld. Bestudeer die wêreldkaart hieronder en identifiseer elke ikoon (1.5.1–1.5.5) wat deur toeriste besoek word.

Skryf slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.5.6 Machu Picchu.

**Ek besoek…**





(5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**


## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSEVALUTA-VERHANDELING

## VRAAG 2

Bestudeer die Wêreldtydsonekaart hieronder en die lugdienste se roetekaarte op die volgende bladsy en beantwoord die vrae wat volg.



2.1 **VLUG QA6790 VAN SYDNEY NA BUENOS AIRES**




Vertrekdatum: 13 Junie 2015
Vertrektyd: 10:30

[Bron: www.quantas.com]

Bereken hoe laat dit in Buenos Aires sal wees wanneer vlug QA6790 vanaf Sydney vertrek. (4)

2.2 **AMERICAN AIRLINES EN DAGLIGBESPARINGSTYD (DBT)**




**LET WEL:** New York pas DBT toe.
*DBT: New York <u>Begindatum:</u> 9 Maart
<u>Einddatum</u>: 2 November
*DBT: Lima pas nie DBT toe nie

[Aangepas uit www.aa.com]

'n Toeris vlieg met American Airlines, vlug AA2378, vanaf New York na Lima. Hy vertrek om 09:00, op 21 Augustus 2015, uit New York. Die vliegtyd van New York na Lima is 7 uur 30 minute.

Bereken die tyd en die datum waarop hy in Lima aankom. (6)

2.3 Daar is twee reisverwante toestande wat gedurende die twee vlugte in VRAAG 2.1 en 2.2 ervaar mag word, naamlik vlugvoosheid en vluguitputting.

Noem die reisverwante toestand wat deur die passasiers op die twee vlugte ervaar mag word.

Skryf slegs die reisverwante toestand langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.2) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

| | VLUG | REISVERWANTE TOESTAND | |
|---|---|---|---|
| 2.3.1 | QA6790 | | (2) |
| 2.3.2 | AA2378 | | (2) |

**[14]**

## VRAAG 3

3.1 Lees die inligting hieronder, bestudeer die reisprogram en beantwoord die vrae wat volg.

**PROJEK BLOODHOUND**



[Bron: www.bloodhoundscc.com]

Die Bloodhound-span (wat hoop om die wêreld-landspoedrekord te verbeter) het wêreldwyd gesoek na die perfekte woestyn om die vinnigste motor op aarde, die Bloodhound SSK, wat in Brittanje gebou is, te toets. Na 'n intensiewe soektog is besluit op Hakskeenpan in 'n afgeleë uithoek in die Noord-Kaap in Suid-Afrika. Oppervlaktoetsing sal in die Verenigde Koninkryk plaasvind en as alles in orde is, beplan die span om in Oktober 2016 na Hakskeenpan te vertrek.

**Hoe om daar te kom en rond te ry:** Bestuur self. Upington is in die Noord-Kaap geleë, ongeveer 800 km van Johannesburg en Kaapstad af, en beskik oor 'n moderne lughawe.

**Duur van verblyf:** Beplan om 'n paar dae te bly, want afstande is groot.

**Wat om in te pak:** Klere vir uiters warm weersomstandighede, kameras, verkykers, stapskoene, drinkwater en sonbrandroom.

**Waar om te bly:** Die naaste dorp is Upington, ongeveer 250 km van Hakskeenpan af, maar die aanbevole akkommodasie is !Xaus Lodge in die Kgalagadi Oorgrenspark.

[Bron:www.southafrica.net]

**Wat gebeur by !Xaus Lodge?**

- **Aandetes:** Aandetes word by die Lodge bedien.
- **Kulturele nedersetting**: Ry tot by die kulturele nedersetting om die San-handwerkers te sien of geniet hulle San-danse in tradisionele San-kleredrag.
- **Hakskeenpan-baan:** Bloodhound-toetsritte

[Aangepas uit www.xauslodge.co.za]

**Uittreksel uit 'n 5-dag-reisprogram (geskatte koste van toer: R7 500)**

**21/10/2015**
**Dag 3:** !Xaus Lodge (Kgalagadi Oorgrenspark)
Gehuurde 4x4-voertuie
EEN aktiwiteit in die dag wat die plaaslike San-gemeenskap insluit en EEN aktiwiteit in die aand

**22/10/2015**
**Dag 4:** !Xaus Lodge (Kgalagadi Oorgrenspark) na Hakskeenpan
Gebruik 4x4-voertuie
Woon die Bloodhound-gebeurtenis by

[Aangepas uit Toerisme PAT 2015]

Die reisprogram hierbo is swak geskryf en belangrike elemente is weggelaat.

3.1.1 Noem TWEE belangrike elemente van 'n reisprogram wat by Dag 3 en 4 hierbo weggelaat is. (2)

3.1.2 Skryf 'n paragraaf, in die regte formaat, van die reisprogram hierbo waarin Dag 3 van die reisprogram herskryf en gekorrigeer word. (8)

3.1.3 Die afstand tussen Upington en die akkommodasie in die Kgalagadi Oorgrenspark is ongeveer 250 km. Die Britse span kom ná 'n langafstand vlug vanaf Londen teen ongeveer 17:00 op Upington-lughawe aan.

Dink jy dit is raadsaam vir die Britse span om dadelik ná hul aankoms in Upington na die Kgalagadi Oorgrenspark te vertrek? Gee EEN rede vir jou antwoord. (2)

3.1.4 Gee EEN rede waarom hulle 4x4-voertuie op hierdie toer gebruik. (2)

3.1.5 Gee raad aan die Britse span oor EEN gesondheidsvoorsorgmaatreël waarvan hulle moet weet, veral wanneer hulle hierdie deel van die Noord-Kaap in die somer besoek. (2)

3.1.6 Bespreek TWEE redes waarom die Bloodhound-projek voordelig vir die Noord-Kaap as 'n toeristebestemming gaan wees. (4)

3.2 Bestudeer die plaaslike toerisme-marksegmente en beantwoord die vrae wat volg.

| PLAASLIKE TOERISME-MARKSEGMENTE | | |
|---|---|---|
| **SPONTANE BEGROTING-ONTDEKKERS** | **NUWE HORISON-GESINNE** | **MZANZI-GESINNE** |
| Jodi en Carol is 18-jarige avontuursoekers met 'n besteebare inkomste van R5 000.<br>Hulle geniet die buitelewe en hulle voorkeurakkommodasie is kampering. | Devi en Raj van Gauteng het twee kinders jonger as 12 jaar.<br>Hulle geniet gehalte-gesinstyd by 'n kusbestemming.<br>Hulle het 'n besteebare inkomste van R5 000. | Thabo en Beauty is albei in hulle middel-veertigs.<br>Beide het 'n besteebare inkomste van R10 000 of meer.<br>Thabo en Beauty geniet motorresies en is gaande oor die buitelewe, avontuur en kultuur. |

3.2.1 Uit die tabel hierbo, kies die mees gepaste toeristeprofiel vir persone wat sal verkies om die gebeurtenis by Hakskeenpan by te woon. (2)

3.2.2 Gee EEN rede vir jou keuse in VRAAG 3.2.1. (2)

3.3 Bestudeer die wisselkoerstabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| LAND | VALUTAKODE | BAK | BVK |
|---|---|---|---|
| Verenigde Koninkryk | GBP | 15.66 | 16.39 |

3.3.1 'n Bloodhound-spanlid het £1 300,00.

Bereken die bedrag in rand wat hy vir sy £1 300,00 sal kry. (4)

3.3.2 'n Britse toeris betaal R550,00 vir 'n Bloodhound-T-hemp.

Bereken die bedrag in pond wat die toeris vir die Bloodhound-T-hemp sal betaal. (4)


3.3.3 Bespreek, met inagneming van die wisselkoers, die koopkrag van die Britse span in Suid-Afrika. (4)
**[36]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

## AFDELING C: TOERISMEBESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENIS-TOERISME; BEMARKING

## VRAAG 4

4.1 Bestudeer die inligting in die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| DIE BEKORING VAN 'N TORING<br>Bekende torings in die wêreld lok jaarliks talle toeriste. | | |
|---|---|---|
| **TORING A** | **TORING B** | **TORING C** |
|  |  |  |

[Aangepas uit www.coloribus.com]

4.1.1 Identifiseer die lande waar toring **A** en **B** geleë is. (2)

4.1.2 (a) Verwys na die prent en identifiseer die mees ongewone strukturele kenmerk van toring **A**. (2)

(b) Stel EEN omgewingsaspek voor wat tot hierdie ongewone kenmerk aanleiding gegee het. (2)

4.1.3 Gee EEN rede waarom toeriste sal betaal om met die hysers in toring **B** op te gaan. (2)

4.1.4 Verduidelik EEN manier waarop toring **B** voorsiening maak vir toeriste met fisiese gestremdhede. (2)

4.1.5 Gee die naam van toring **C**. (2)

4.2

**MACHU PICCHU**

Een miljoen besoekers het Machu Picchu in 2011 besoek vir die 100ste viering van sy 'ontdekking' deur die navorser Hiram Bingham. Owerhede was besorg oor die bewaring van die terrein en het daarom besoekersgetalle tot 2 500 per dag of 912 500 per jaar beperk.

[Aangepas uit www.travelandleisure.com]

4.2.1 Gee TWEE redes waarom kulturele toeriste Machu Picchu sal besoek. (4)

4.2.2 Gee EEN rede waarom die owerheid van Machu Picchu besoekersgetalle beperk. (2)

4.3 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE DAPPERSTE VAN DIE DAPPERES**



[Bron: www.printablecolouringpages.co.uk]

4.3.1 Gee die naam van die Europese land wat die bekendste vir stiergevegte is, soos geïllustreer in die prent hierbo. (1)

4.3.2 Baie toeriste geniet dit om na stiergevegte te kyk, terwyl ander teen dié aktiwiteit gekant is.

Skryf 'n paragraaf en gee TWEE argumente ten gunste van OF TWEE argumente teen hierdie aktiwiteit vir die vermaak van toeriste. (4)

4.4 Verwys na die ikone hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| | |
|---|---|
| **A**  | **B**  |
| **C**  | **D**  |

4.4.1 (a) Identifiseer ikoon **A**. (1)

(b) Gee EEN feit oor die geskiedenis van ikoon **B**. (2)

(c) Identifiseer ikoon **C**. (1)

(d) Gee EEN feit oor die geskiedenis van ikoon **C**. (2)


(e) Identifiseer ikoon **D**. (1)

4.4.2 Identifiseer EEN gemeenskaplike kenmerk van ikoon **A**, **B** en **D**. (2)
**[32]**

## VRAAG 5

Bestudeer die kaart hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**OORGRENS-WÊRELDERFENISTERREINE IN SUID-AFRIKA**




5.1 Identifiseer die TWEE Wêrelderfenisterreine, gemerk **A** en **B**, op die kaart. (2)

5.2 Identifiseer die provinsie wat 'n grens met beide Wêrelderfenisterrein **A** en **B** deel. (2)

5.3 Bespreek EEN punt van waarde wat TWEE Wêrelderfenisterreine binne sy grense vir die provinsie wat in VRAAG 5.2 geïdentifiseer is, inhou. (2)


5.4 Verduidelik hoe Wêrelderfenisterrein **B** miljoene jare gelede ontstaan het. (2)

5.5 Verduidelik EEN rede waarom Wêrelderfenisterrein **A** as die oorsprong van die mens bestempel word. (2)

**[10]**

## VRAAG 6

Bestudeer die sirkeldiagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit *SATourism: 2015 Annual Tourism Performance Report*]

6.1 Identifiseer TWEE van Suid-Afrika se grootste Europese markte uit die grafiek hierbo. (2)

6.2 Bespreek EEN rede waarom bemarking in die Europese lande wat in VRAAG 6.1 geïdentifiseer is, geld is wat goed deur Suid-Afrikaanse Toerisme bestee is. (2)

6.3 Noem die TWEE jaarlikse bemarkingsgeleenthede in Europa wat bydra tot die hoë besoekersgetalle na Suid-Afrika vanuit die lande wat in VRAAG 6.1 geïdentifiseer is. (2)

6.4 Verduidelik hoe Suid-Afrikaanse Toerisme fondse vir bemarkingsinisiatiewe vir die vyf lande hierbo kry. (2)
**[8]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**


**AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME**

**VRAAG 7**

Bestudeer die motorverhuringsadvertensies hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Terwyl hy op die vliegtuig sit, het 'n passasier die twee advertensies in die vlugtydskrif gesien. Hy beplan om 'n motor te huur wanneer hy by sy bestemming aankom.

**MOTORVERHURINGSMAATSKAPPY A**




[Bron: http://ungenius.files.wordpress.com]

**MOTORVERHURINGSMAATSKAPPY B**




[Aangepas uit www.corporate.ford.com]

7.1 Identifiseer die motorverhuringsmaatskappy wie se advertensie NIE 'n professionele beeld en 'n gevoel van trots en vertroue aan 'n voornemende kliënt uitstraal NIE. (2)

7.2 Bespreek DRIE elemente in die advertensie om jou antwoord op VRAAG 7.1 te staaf. (6)

7.3 Party maatskappye dink nie dat 'n professionele beeld belangrik is nie en konsentreer slegs op wins.

7.3.1 Bespreek TWEE negatiewe gevolge van so 'n ingesteldheid. (4)

7.3.2 Verwys na prent **B** en stel TWEE maniere voor hoe die personeel van Supreme Motorverhuring tot die professionele beeld van die maatskappy kan bydra. (4)

**[16]**

## VRAAG 8

8.1 Die plakkaat hieronder is by die ingang van 'n gorillareservaat opgesit. Bestudeer die plakkaat en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit www.uwa.org]

8.1.1 Gee EEN rede waarom die internasionale gorillabewaringsprogram dit nodig geag het om hierdie plakkaat te ontwerp en aan toeriste wat die park besoek, te vertoon. (2)

8.1.2 Verwys na die plakkaat en identifiseer EEN omgewingskwessie wat vir die bestuur van die park 'n bron van kommer is. (2)

8.1.3 Gee EEN rede waarom toeriste nie hulle kameras se flitse moet gebruik wanneer hulle foto's van die gorillas neem nie. (2)

8.1.4 Verduidelik EEN rede waarom toeristegroepe 'n tydsbeperking het om saam met die gorillas deur te bring. (2)

8.1.5 Gee EEN manier hoe die bestuur van die park kan optree teen toeriste wat nie die gorilla-reëls op die plakkaat nakom nie. (2)

8.2 Die park beoefen twee van die pilare van die driedubbele-slotreël, naamlik die omgewings- en die ekonomiese pilaar.

Noem TWEE maniere waarop die park ook die sosiale pilaar by hulle volhoubare toerismepraktyke kan insluit. (4)

**[14]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

## AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

### VRAAG 9

9.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VAN G8-BERAAD TOT G7-BERAAD**




Brussel het wêreldwye erkenning gekry sedert hulle die 2014 G7-beraad aangebied het. As gevolg van onlangse gebeure in die Oekraïne het die beplande 2014 G8-beraad in Sochi, Rusland, nie plaasgevind nie. Rusland is uit die beraad geskors. Leiers van die G7-nasies het toe in Brussel, België, vergader.

Verskeie dringende kwessies oor die wêreldekonomie, energie en klimaatsverandering is by die G7-beraad bespreek. G7-leiers het ekonomiese groei en werkskepping as 'hoofprioriteite' geïdentifiseer.

Buiten die uiters belangrike kwessies wat by die beraad bespreek is, was die G7-beraad voordelig vir die gasheerland.

[Aangepas uit www.ewn.co.za]

9.1.1 Verduidelik die opskrif: Van G8-beraad tot G7-beraad. (2)

9.1.2 Rusland se betrokkenheid in die Oekraïne het veroorsaak dat hulle deelname aan die G8-beraad geweier is.

Verduidelik TWEE maniere waarop hierdie verlore geleentheid om as gasheer vir die beraad op te tree, Rusland se beeld en toerismegeleenthede beïnvloed het. (4)

9.1.3 Bespreek, in 'n paragraaf, DRIE maniere waarop belanghebbendes by die beplanning van die G7-beraad, omgewingsvolhoubaarheid ten opsigte van vervoer gedurende die geleentheid kon verseker. (6)

9.1.4 Verduidelik die volgende stelling:

Die G7-beraad was voordelig vir die gasheerland. (2)

9.2 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE REIS VAN DIE REISIGERSTJEK**




[Aangepas uit www.cartoonstock.com]

9.2.1 Interpreteer die boodskap in die prent hierbo oor die gebruik van reisigerstjeks. (2)

9.2.2 Gee TWEE vorme van betaling wat reisigerstjeks tydens internasionale reise vervang het. (2)

9.3 Bestudeer die statistiek hieronder, wat buitelandse aankomste in Suid-Afrika in 2013 aandui, en beantwoord die vraag wat volg.




| **INTERNASIONALE AANKOMSTE IN SUID-AFRIKA 2013** | |
|---|---|
| **KONTINENTE** | **AANKOMSTE GETALLE** |
| Noord-Amerika | 417 582 |
| Sentraal- en Suid-Amerika | 129 463 |
| Europa | 1 494 978 |
| Midde-Ooste | 57 382 |
| Asië | 435 076 |
| Australasië/ Oseanië | 148 660 |
| Indiese Oseaan-Eilande | 24 394 |
| Afrika | 6 889 389 |
| **Groottotaal** | **9 616 964 (4,7% styging vanaf 2012)** |

[Aangepas uit www.southafrica.net]

Buitelandse toeriste-aankomste in Suid-Afrika het in 2013 met 4,7% gegroei in vergelyking met 2012, en presteer dus ver bo die wêreldgemiddeld.

Gee TWEE redes wat tot die toenemende groei in internasionale inkomende toeriste na Suid-Afrika bygedra het. (4)

**[22]**

## VRAAG 10

Bestudeer die reaksie op die kliënteterugvoeringsinstrument wat deur die Inn Hotel gebruik is en beantwoord die vrae wat volg.

# Inn Hotel

Ons hier by die Inn Hotel gee om oor wat jy dink van die produkte en diens wat ons lewer. Neem asseblief 'n paar minute om jou gedagtes met ons te deel ... ons heg waarde aan jou terugvoering.

**Kamernr.:** *1106*

**Datum:** *06/11/2015*

**Naam van gas:** *R Turner*

| | Uitstaande | Goed | Gemiddeld | Swak |
|---|---|---|---|---|
| Voorkantoorpersoneel | | | | × |
| Restaurant (maaltye) | | | × | |
| Huishouding | | | | × |
| Hoe skoon is die kamers | | | × | |
| Algemene indruk van die hotel | | | | × |

**Gas se kommentaar:** Ek dink die hotel gee aan hulle personeel 'n lisensie om by niksvermoedende gaste te steel. Die hotelpersoneel was geensins van plan om na items te soek wat uit my kamer weggeraak het nie. Die personeel het nie in my verlies belanggestel nie

***Ons hoop jy het 'n wonderlike tydjie by die Inn Hotel gehad.***

*Sien jou binnekort!*

10.1 Dit wil voorkom asof mnr. Turner se verblyf by die Inn Hotel nie aangenaam was nie.

Maak TWEE voorstelle vir strategieë wat die bestuur van die hotel in werking kan stel om die probleme wat mnr. Turner genoem het, op te los. (4)

10.2 Verduidelik waarom die personeel by die Inn Hotel aandag moet gee aan die kommentaar van hulle gaste. (4)
**[8]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**